**[REPRINT]**

No 8 - 2025] SECOND SESSION, SEVENTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

====================

# QUESTION PAPER ORAL REPLY

====================

Note: * Indicates translated version.

**THURSDAY, 28 AUGUST 2025**

**INTERPELLATIONS**

1. **Ms N D Nkondlo to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

   What concrete programmes is his Department currently implementing to address food insecurity?

   *(417)*

2. **Ms B N Stoffel to ask Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning:**

   Whether the measures that had been implemented at the beginning of the winter ensured that authorities adequately and timeously responded to storm damage and flooding?

   *(418)*

**QUESTIONS FOR ORAL REPLY**

1. **Mr B N Herron to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

   With reference to this quote: "So, for example, we meet with the Education Department on a monthly basis and there's a lot we've already put in place, but it can only get better", which appeared in the *Weekend Argus* on Saturday 8 August 2025, that was said by Brigadier Wienand:

   (a) How many times has his Department met with the Anti-Gang Unit and (b) when did these meetings start occurring, (c) who attends these meetings and (d) what has been "put in place" as a result of these meetings?

*(409)*

30

2. **Mr N P Masipa to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

Whether the national Department of Agriculture has released the conditional grant funding under the Comprehensive Agricultural Support Programme (CASP) to support emerging farmers in the province; if not, what impact have the delays in CASP funding had on planting or production cycles this year; if so, what are the relevant details?

*(412)*

3. **Mr N P Masipa to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

(a) What plans of the Western Cape Government and Wesgro are in place to support farmers affected by the imposition of a 30% tariff on exports to the United States and (b) how will these plans assist in diversifying export markets and in safeguarding agricultural jobs in the province?

*(413)*

4. **Mr D W Bryant to ask Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning:**

(1) What steps has his Department taken to (a) declare new nature reserves, such as the recent declaration in Heidelberg and (b) ensure that existing reserves in the province are effectively protected and managed for long-term biodiversity conservation;

(2) whether there are areas currently lacking formal protection that are earmarked for future declaration as protected areas; if so, what plans are in place to secure them?

*(414)*

5. **Mr M Booysen to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

(a) What is the total budget allocated for the Khulisa Care Pilot Programme and (b) how will these funds be distributed across nutritional support, community health worker services and programme monitoring in Worcester, Khayelitsha and Mitchells Plain?

*(415)*

6. **Mr B N Herron to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

With reference to the recent "basket of posts" meetings held on 23 July 2025:

(1) What is the total basket of posts for educators for the 2026 school year;

(2) whether the total number of educators are increasing; if not, why not; if so, what are the relevant details?

*(416)*

7. **Ms R Windvogel to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

With regard to chronic medication shortages:

(a) What measures are she and her Department implementing to ensure that all clinics maintain sufficient stock levels of chronic medication and (b) how is her Department addressing supply chain challenges to prevent future shortages?

*(419)*

**8. Ms B N Stoffel to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

(a) What steps are he and his Department taking to address overcrowding in township schools and (b) to what extent does overcrowding negatively affect the learning process and academic outcomes of learners?

*(420)*

**9. Mr F Kamfer to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

(a) What is the reason for the repeated delays by the Department in disbursing funding to NGOs in the province and (b) what measures have he and his Department put in place to ensure that such delays do not compromise the essential services that these organisations provide to vulnerable communities?

*(421)*

**[HERDRUK]**

No 8 - 2025] Tweede Sessie, Sewende Parlement

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

====================

# VRAELYS

## MONDELINGE BEANTWOORDING

====================

Nota: * Dui vertaalde weergawe aan.

**DONDERDAG, 28 AUGUSTUS 2025**

### INTERPELLASIES

***1. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Watter konkrete programme sy departement tans implementeer om aan voedselonsekerheid aandag te skenk?

*(417)*

***2. Me B N Stoffel vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

Of die maatreëls wat aan die begin van die winter geïmplementeer is, toegesien het dat owerhede voldoende en tydig op stormskade en oorstromings reageer?

*(418)*

### VRAE VIR MONDELINGE BEANTWOORDING

***1. Mnr B N Herron vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

Met verwysing na hierdie aanhaling: “Dus, byvoorbeeld, vergader ons maandeliks met die Onderwysdepartement en daar is baie wat ons reeds in plek gestel het, maar dit kan net beter word” (“So, for example, we meet with the Education Department on a monthly basis and there’s a lot we’ve already put in place, but it can only get better”) wat op Saterdag 8 Augustus 2025 in die *Weekend Argus* verskyn het, wat deur brigadier Wienand geuiter is:

(a) Hoeveel keer sy departement met die teenbende-eenheid vergader het en (b) wanneer daar met hierdie vergaderings begin is, (c) wie hierdie vergaderings bywoon en (d) wat as gevolg van hierdie vergaderings "in plek gestel" is?

*(409)*

***2. Mnr N P Masipa vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Of die nasionale Departement van Landbou die voorwaardeliketoekenningsbefondsing onder die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram ("Comprehensive Agricultural Support Programme" of CASP) beskikbaar gestel het om opkomende boere in die provinsie te ondersteun; so nee, watter impak die vertragings met CASP-befondsing op plant- of produseringsiklusse vanjaar gehad het; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(412)*

***3. Mnr N P Masipa vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

(a) Watter planne die Wes-Kaapse Regering en Wesgro in plek het om boere te ondersteun wat deur die heffing van 'n 30%-tarief op uitvoere na Amerika geraak word en (b) hoe hierdie planne sal help om uitvoermarkte te diversifiseer en om landbouwerksgeleenthede in die provinsie te beskerm?

*(413)*

***4. Mnr D W Bryant vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

(1) Watter stappe sy departement gedoen het om (a) nuwe natuurreservate te verklaar, soos die onlangse verklaring in Heidelberg, en (b) toe te sien dat bestaande reservate in die provinsie doeltreffend beskerm en bestuur word vir biodiversiteitsbewaring oor die lang termyn;

(2) of daar tans gebiede met 'n gebrek aan amptelike beskerming is wat vir toekomstige verklaring as beskermde gebiede geoormerk is; so ja, watter planne in plek is om dit te beveilig?

*(414)*

***5. Mnr M Booysen vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

(a) Wat die totale begrotingstoewysing vir die Khulisa Care-proefprogram is en (b) hoe hierdie fondse vir voedingsondersteuning, gemeenskapsgesondheidswerkerdienste en programmonitering in Worcester, Khayelitsha en Mitchells Plain versprei sal word?

*(415)*

***6. Mnr B N Herron vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

Met verwysing na die onlangse vergaderings wat op 23 Julie 2025 oor die "mandjie poste" gehou is:

(1) Wat die totale mandjie opvoedersposte vir die 2026-skooljaar is;

(2) of die totale getal opvoeders styg; so nee, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(416)*



***7. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na die tekorte aan chroniese medikasie:

(a) Watter maatreëls sy en haar departement implementeer om toe te sien dat alle klinieke voldoende voorraadvlakke van chroniese medikasie in stand hou en (b) hoe haar departement aan voorsieningskanaalbestuursuitdagings aandag skenk om tekorte in die toekoms te voorkom?

*(419)*

***8. Me B N Stoffel vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

(a) Watter stappe hy en sy departement doen om aan oorbevolking in townshipskole aandag te skenk en (b) in watter mate oorbevolking die leerproses en akademiese uitkomste van leerders nadelig beïnvloed?

*(420)*

***9. Mnr F Kamfer vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

(a) Wat die rede vir die Departement se herhaaldelike vertragings met die uitbetaling van befondsing aan NRO's in die provinsie is en (b) watter maatreëls hy en sy departement in plek gestel het om toe te sien dat sulke vertragings nie die noodsaaklike dienste wat hierdie organisasies aan weerlose gemeenskappe verskaf, in gedrang bring nie?

*(421)*